Die wenner van die Merino-ontwikkelingskomitee (MOK3) se vagkompetisie is mnr. Adam Swanepoel en sy seuns, Thian en Theron, wat 'n punt van 95% vir hul inskrywing behaal het. Die Swanepoels se Mooihoek-stoetery het ook die beste groep van drie vagte ingeskryf en het ook die meeste punte in die kompetisie opgestapel. Die naasbeste vag is deur mnr. Christo Marais van Pylkop-Merino's, Edenburg, ingeskryf. Die sowat 40 inskrywings is onder meer ten opsigte van treksterkte, skoonopbrengs, mikron, voorkoms en gehalte beoordeel.

'n Vlytige 13,7 sekondes was mnr. Jan Mongale (middel, voor) van die plaas Graslaagte se wentyd in OVK se baaldra-kompetisie. Die naaswenner was mnr. J.T. Fourie (regs) van OVK in Bloemfontein in 14,7 sekondes, terwyl sy broer, Ian (links) van BKB, derde was met 17,2 sekondes. Deelnemers moes 'n baal wol van meer as 100 kg sowat 40 meter ver dra. Agter is mnr. Jannie Rossouw, hoofbestuurder van OVK (noordstreek) se vesel en vee-afdeling.

Die Vrystaatse Angusklub het van sy lede ná sy streekskampioenskapskou onthaal. Van links is mnre. Patso Nikeleo van S9 Plentyspyseniers, RC Malherbe, vertoner van die grootkampioenbul Roechama-Angus, Hertzogville, Phillip Lee van Hinterland, Piet Delport, vertoner van die grootkampioenkoei van Hide-A-Ways-Angus, Schweizer-Reneke, Rudie Claassen, klubvoorsitter, en Brian Angus van Woodview-Angus.

Van links is mnre. Khmais AHinai van Muscat (hoofstad van Oman), Albie Horn, teler van Kalahari Reds by Kuruman, sultan Ali Al Hammade van Riad, Saoedi-Arabië, Ghassan Al Rawahi van Muscat en Abdullah Al Lammar van Riad.

Oomblik van glorie vir die topbul van die bulgroeitoetsklas van Bloemskou, ZEC 17-0010 Match van dr. Enslin Coetzee en sy skoonseun, mnr. Issie Liebenberg (naasregs), van die ZEC-Angusstoetery by Bothaville wat met die wentrofee weggestap het. Van links is mnre. Anton Vos, besturende direkteur van Vleissentraal, Freddie Wasserfall en dr. Japie van der Westhuizen, albei van Stamboek, en Izak Koba van die ZEC-stoetery.

Verlede jaar se wenbul van die bulgroeitoetsklas van Bloemskou was Bush Wacker DKH 150263, 'n Tuli van die Donkerhoek-stoetery. Sy eienaar, mnr. Ben Raath (links), het 'n skildery van dié bul deur mnr. David Johnson (regs) van Kempton Park as deel van sy prys ontvang.